

Koringfokus

Wheat focus

VOL 37.3

MAY • JUNE 2019



VAT DIE PAD NA NAMPO

**Valskommandowurm
aangetree**

AGRICO

Advanced paneel
GRATIS!
met
internetbeheer.*

AGRICO



Bestel 'n nuwe **Agrico spilpunt**
met 'n **Premium** paneel en kry 'n opgradering.

***Gratis** subskripsie ingesluit vir die eerste **12** maande.



Kontakbesonderhede: Alfred Andrag | c: 082 824 1214
t: 021 950 4111 | f: 021 950 4208 | alfred.andrag@agrico.co.za

Meer as 100 jaar diens

Verkope en diens met takke regoor Suidelike Afrika:

Aliwal-Noord | Bellville | Bethlehem | Bloemfontein | Caledon | Ceres | Christiana | Cradock | Estcourt | George | Hartswater | Humansdorp | Kakamas | Kimberley | Kroonstad
Lichtenburg | Lusaka | Mukushi | Nelspruit | Nigel | Nylstroom | Pietermaritzburg | Piketberg | Rawsonville | Tzaneen | Upington | Vredendal | Wellington



Koringfokus

Wheat focus

VOL 37.3

MEI • JUNIE 2019

COVER:

1st prize for a chilly Saturday afternoon... buns from local grain, biltong and soup with fortified wine (optional).

REEDS 37 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 37 YEARS

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium; die Wintergraantrust; SA Kultivar- en Tegnologie-agentskap; Grain Farmer Development Association
Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552**

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702

UITLEG: Roelien van der Westhuizen
072 930 6721

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemarkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.



AGRI-INFO

- 4 Landbou verloor wetenskaplike leier
- 4 Appointments by Bayer SA
- 4 Kynoch neem Sidi Parani en Profert oor
- 5 Einde van 'n era: Annatjie Loio groet Gosa
- 5 South Africa represented at the Grain Network Meeting
- 7 SAGL now offers Vitamin D2 testing
- 7 Gosa-lede verwag minder graan
- 12 Koringboere betaal die prys vir handelsooreenkomste
- 20 Milling industry makes progress and resolves issues
- 24 Gewilde hoëspoeddis vir aanhoudende harde werk
- 26 Nou gaan ons boer



NAMPO 2019

- 13 Nampo versadig die oog en maag en gee oplossings
- 14 Die algemene sake vir Nampo-besoekers
- 15 Daaglik op die program
- 15 Kook-en-bak-genot, gedagtes en musiek op vroue se program
- 17 Celebrating 75 Years of Franklin Electric
- 18 Integrated gas and welding solutions for agriculture
- 19 Rek die Nampo-kuier en slaap oor



KLEINGRAAN

- 8 'n Stap nader aan voorspelling van valskommandowurm-populasies
- 11 Reduce lodging nightmares in barley



MARKET-INFO

- 22 Statistiek van produkte uit koring vervaardig
- 28 SAGIS: Koringmarksituasie
- 30 SAGIS: Gars, hawer en kanola se marksituasie



Testing for Vitamin D2

7



Valskommandowurm

8



Nampo 2019

13



Reduce lodging nightmares

11



Landbou verloor wetenskaplike leier

PROF ANDRE AGENBAG, een van die land se kundige wetenskaplikes sover dit koring, kanola en lupiene betref, is in Februarie oorlede. Hy was in 'n stadium ná sy aftrede as akademikus en navorser die Proteïennavorsingstigting se hoofkonsultant oor kanola.

Prof Agenbag, 'n boorling van Kakamas in die Noord-Kaap, se werksloopbaan ná studies het by die departement van landbou se winterreënafdeling begin. Hy was van 1987 af 'n dosent aan die Universiteit van Stellenbosch en onder meer hoof van die departement Agromie.

In sy loopbaan het hy toekennings van onder meer Landbouskrywers SA, die SA Gewasproduksievereniging, Graan SA en die Proteïennavorsingstigting ontvang.

Prof Agenbag word oorleef deur sy vrou, Susan, en drie dogters, Annaré, Lize en Lené. ♡

Appointments by Bayer SA

LEADERSHIP FOR THE commercial operations of Bayer Crop Science in Africa was announced recently. The appointments will be effective on the 1st of July 2019. "The new team will take the lead in bringing best-in-class innovation and sustainable solutions to our customers across Africa," says Klaus Eckstein, Cluster Division Head Africa.

The team is: **Kobus Steenekamp**, currently Monsanto Commercial Operations Lead South Africa, appointed as Country Commercial Lead (CCL) South Africa, based in South Africa.

Pieter Smit, currently Monsanto Marketing and Product Management Lead for Africa, appointed as Head of Customer Marketing Africa, based in South Africa.

Stephen Nel, currently Bayer Head of External Sales South Africa, appointed as Head of Market Development Africa and Small Farmers, based in South Africa.

Mamati Tembe, currently Bayer Country Commercial Lead (CCL) Southern African Countries, will remain in her position, based in South Africa.

Laurent Perrier, currently Senior Bayer Representative (SBR) North Africa and Country Division Head (CDH) North West Central Africa, will be appointed as SBR and CCL East Africa, based in Kenya.

Laurent Perez, currently Bayer Country Commercial Lead (CCL) West Central Africa, will remain in his position, based in Ivory Coast. ♡

Kynoch neem Sidi Parani en Profert oor

KYNOCH KUNSMIS het sy belange uitgebrei deur die oornome van twee kunsmismaatskappye, Sidi Parani en Profert Kunsmis.

Kynoch, 'n afdeling van Farmisco (Edms.) Bpk, het voorheen 'n belang in Sidi Parani gehad en is met die toestemming van die Mededingingskommissie nou 'n 100% aandeelhouer in Sidi Parani. Sidi Parani was dertig jaar in die kunsmisbedryf en is veral bekend as verskaffer van vloeibare kunsmis met spesialisering in plantvoeding. Die maat-

skappy was veral in die Noord-Kaap, Noordwes en Wes-Vrystaat aktief.

Profert is in 1999 gestig en het in korrelen vloeibare kunsmis gespesialiseer. Die groep het meargeleë in Suid-Afrika se groot provinsies. Dié aankoop-ooreenkoms gee Kynoch toegang tot bykomende produksiekapasiteit.

Kynoch het in die afgelope 100 jaar as 'n Suid-Afrikaanse maatskappy gegroei tot 'n toonaangewende invoerder, minger en verkoper van korrel-, vloeibare en spesialiteitskunsmis. Die maatskappy

is deel van die Export Trading Group, een van die vinnigste groeiende landboukonglomerate wêreldwyd.

Volgens Bruce Shuker, Kynoch se komersiële bestuurder, is die Kynoch-span opgewonde oor die toekoms en sien hulle daarna uit om 'n uitstekende diens te lewer en deur vindingrykheid 'n verskil in landbou te maak.

Vir meer inligting oor Kynoch Kunsmis, kontak Bruce Shuker by bruce.shuker@kynoch.co.za of besoek die maatskappy se webtuiste by www.kynoch.co.za. ♡

Einde van 'n era: Annatjie Loio groet Gosa



NA 'N ONONDERBROKE ampstermyn van 16 jaar as president van die Graanhanterings-Organisasie van Suider-Afrika (Gosa), het Annatjie Loio in Maart 2019 tydens Gosa se algemene jaarvergadering die tuig neergelê.

“Dankie aan die raadslede en die lede van Gosa wat my oor die afgelope 16 jaar getrou ondersteun het. Dit is wonderlik om deel te wees van die landboufamilie,” het Loio gesê.

Die Raad het Loio bedank vir haar toegewyde diens aan die organisasie en veral melding gemaak van haar onwrikbare leierskap en navolgenswaardige voorbeeld as rolspeler in die graanwaardeketting.

‘n Nuwe president sal tydens die eerste Raadsvergadering aangewys word. ♡

Annatjie Loio

South Africa represented at the Grain Network Meeting

Mariana Purnell
AGBIZ GRAIN

THE OPPORTUNITY TO meet, talk and share knowledge with peers in the grain industry from around the world is of great importance to grain value chain stakeholders. One such opportunity is the annual Grain Network Meeting which focuses on the latest industry knowledge presented by representatives that are active in the grain industry.

The Grain Network Meeting is held in a different country of the European Union every year and this year, the event that was held in Athens, Greece from 27 to 29 March. Wiana Louw, General Manager of the Southern African Grain Laboratory, and Mariana Purnell, General Manager of Agbiz Grain, were amongst the 77 delegates from 30 countries who attended the 2019 meeting.

In keeping with tradition, there were a number of presentations by grain

industry representatives of the host country with topics like an overview of the local grain industry and an in depth look at grain processing in the flour milling industry. There was also an introduction to practical ‘in-the-field’ use of image analysis. Some presentations focused on the process of validating and standardising test methods, a topic of great importance in the grain and milling industries.

The delegates from South Africa also presented on grain related activities in South Africa. Wiana Louw (SAGL) presented a paper on the mycotoxin monitoring which is included in the South African maize and wheat crop surveys. Mariana Purnell (Agbiz Grain) explained how the South African wheat industry aims to revitalise itself through a more balanced approach to quality management during cultivar selection.

FOSS, one of the foremost providers of

grain grading equipment, organises this annual event. The FOSS experts provided calibration updates carried out since last year, as well as digital solution tools and software. There were also highlights from the results of the annual Grain Ring Test which has 45 participants from 22 countries on six continents. South Africa also participates in the ring test via the samples submitted annually by the SAGL.

There was also hands-on training in Foss Manager (MOSAIC), a software and instrument software ISScan NOVA, demonstrations of the software features and capabilities. FOSS team leaders also focused on extra functionalities such as export to LIMS systems and automatic printing. The training included an introduction to the Installation wizard which FOSS has developed to help customers setting up new instruments. ♡



Delegates from 30 countries that are active in the grain industry attended the 2019 Grain Network Meeting in Greece. In the center are two delegates from South Africa, Wiana Louw, General Manager of the Southern African Grain Laboratory, and Mariana Purnell, General Manager of Agbiz Grain.

Plant die uitklophou teen predikantsluis en wildehawer met Pallas™



- 'n Nuwe na-opkoms onkruidodder vir uitstekende beheer van Predikantsluis, Wildehawer en ander belangrike eenjarige grasse in koring
- Word hoofsaaklik deur die blare opgeneem en a.g.v die sistemiese aksie in die plant word reënvastheid 4 ure na toediening verseker
- Uiters geskik vir gebruik in die mees algemene gewasrotasiestelsels
- Mengbaar met verskeie onkruidodders, swamdoders en insekdoders

Vir meer inligting kontak die registrasiehouer: Dow AgroSciences Suider-Afrika (Edms) Bpk Reg. No 1967/007147/07
Paarl (021) 860 3620 • Centurion (012) 683 5700 • Nood No. 082 887 8079 • Maxwell Kantoorpark, Magwa-gebou, Grondvloer, Magwa Singel,
Waterfall City, MIDRAND, 1686 Suid-Afrika • www.dowagro.co.za

GEBRUIK ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET • Pallas™ 450D bevat pyroxsulam (Skadelik) • Reg. No. L8676, Wet No.36 van 1947
Pallas™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Dow AgroSciences LLC



Dow AgroSciences

Solutions for the Growing World

©™Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow



Vitamin D2 testing at the SA Grain Laboratory.

SAGL now offers Vitamin D2 testing

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN Laboratory (SAGL), accredited with South African National Accreditation System (SANAS), was recently accredited to perform Vitamin D2 testing on fortified bread, making it the first accredited laboratory in South Africa.

This is of benefit to the food industry, as the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectant Act (R146) makes it compulsory for companies to test their products that carry specific claims, every three years, as part of their due diligence.

The results of the SAGL's Vitamin D2 testing compared successfully with those of an accredited laboratory in the UK. This is the result of Anchor Yeast's initiative and funding to the SAGL to support a South African laboratory for Vitamin D2 testing.

"The SAGL was an obvious choice to partner with. They

have both the capability and capacity to extend their testing to now include Vitamin D2," says Jeannette Rosewall, Business Manager for Anchor Yeast. "The bread industry in South Africa now has a local laboratory offering reliable and affordable testing within 10 working days."

The SAGL, established in 1997, offer accurate quality analyses to the grains and oilseed value chain in addition to laboratory training. Their extensive scope of grading, analytical and rheological testing covers the entire value chain from breeders to products ready for consumers and they also regularly test micronutrients, as part of the fortification programme. SAGL's international awards and their participation in proficiency schemes serve as powerful measurement of their competency and alignment with international standards. ♡

Gosa-lede verwag minder graan

LEDE VAN DIE Graanhanteringsorganisasie van Suider-Afrika (Gosa) het gedurende die afgelope seisoen 17,5 miljoen ton graan – wat plaaslik geproduseer en ingevoer is – doeltreffend hanteer. In totaal gaan 'n geskatte 13 miljoen ton graan in die huidige seisoen ontvang, gefinansier, opgeberg, vervoer, berook en verwerk word.

Annatjie Loio, uittredende president van Gosa, het tydens die organisasie se 36ste algemene jaarvergadering by Klub Mykonos in Langebaan hierna verwys en die organisasie se lede sukses toegewens vir die seisoen wat voorlê.

Volgens Loio gaan Nigerië in die komende seisoen ongeveer 11 miljoen ton mielies oes, wat 500 000 ton meer as Suid-Afrika sal wees en wat dié land die topprodusent van mielies in sub-Sahara Afrika vir hierdie seisoen sal maak.

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van koring. Afgesien van die plaaslike

produksie is koring uit Kanada, Amerika, Argentinië, Duitsland, Rusland, Oekraïne, Tsjeggië en Letland ingevoer.

Gosa se 36ste jaarsimposium is gedurende Maart 2019 in Langebaan gehou. Verskeie sprekers het relevante heersende ekonomiese en politieke sake toegelig, asook die digitale transformasie vir voedselsekerheid, die top digitale tendense in landbou en Suid-Afrika as rolspeler in 'n water- en kapitaalskaars ekonomie.

Die simposium sluit aan by 'n suksesvolle Gosa-werksessie wat in Oktober 2018 op Nampo Park gehou en deur 100 afgevaardigdes bygewoon is. Gosa Kaap het vanjaar vier vergaderings gehou asook 'n werksessie in Junie 2018 wat deur 63 afgevaardigdes bygewoon is. Lede van Gosa Kaap het opknappingskursusse in wintergraan en beroking gedurende die afgelope seisoen bygewoon.



Annatjie Loio, Gosa se uittredende president by sommige van die sprekers tydens Gosa se simposium: prof Roelof Botha, prof Dirk Kotzé (Politieke Wetenskappe, Unisa) en dr Anthony Turton, spreker oor Suid-Afrika se water- en kapitaalbeperrings.

Samesprekings met Agbiz Grain

Raadslede van Gosa en Agbiz Grain is in gesprek rakende moontlike samewerking op sekere gebiede. Prof Johan Willemsse tree as fasiliteerder op en die gesprekke sal eersdaags voortgesit word. ♡



'n Stap nader aan voorspelling van valskommandowurm-populasies

Goddy Prinsloo
LNR-KLEINGRAAN

GEDURENDE 2018 IS BERIG oor 'n model wat die LNR-Kleingraan ontwerp het om uitbrake van die valskommandowurm te kan voorspel. Hierdie sporadiese plaag het na 'n onverwagte uitbraak in 2010 groot skade veroorsaak. Die model se ontwikkeling word deur die Wintergraan-trust en LNR befonds.

Die voorspelling is gebaseer op data van motgetalle wat oor 'n tydperk van vier jaar met behulp van emmertjie-feromoonvalle ingesamel is en 'n temperatuurstudie wat in Japan uitgevoer is. Hoewel die valskommandowurm in die afgelope nege jaar net een keer op groot skaal uitbreek het, beteken dit nie dat die gevaar verby is nie. Klein geïsoleerde uitbrake het in 2016 en 2018 onderskeidelik by Hertzogville en Lichtenburg voorgekom. Aangesien die plaag meestal in die nag aktief is, is dit moeilik om die probleem raak te sien voordat skade aangerig word. Veral gars is baie vatbaar weens die plant se sagte stamme.

Plaagvoorspelling

Die vorige projek se data word nou opgevolg met 'n veldgerigte projek wat deur AB InBev befonds word. Die projek het in 2018 begin en dek die belangrikste garsproduksiegebiede in Limpopo, Noordwes, die Noord-Kaap, Suidwes-Vrystaat en Wes-Kaap. Drie-en-veertig emmertjiemotvalle is by boere geplaas en motgetalle word weekliks deur die boere gemonitor en na LNR-Kleingraan op Bethlehem gestuur. Hier word die data verwerk tot motgetalle per dag en grafieke word daarmee saamgestel. Langtermyn-weerdata vir die verskillende lokaliteite is verkry en daar is begin om die model vir elke lokaliteit in die verskillende provinsies te toets.

Temperatuurmodel


Alle insekte is koudbloedig en daarom reguleer temperatuur die tempo van hulle ontwikkeling. Elke insek het gevolglik 'n



Motte en larwes van die valskommandowurm.

ontwikkelingsdrempelwaarde ($^{\circ}\text{C}$) waaronder geen ontwikkeling kan plaasvind nie. Elke insek benodig ook 'n sekere hoeveelheid hitte-eenhede (termiese konstante, gemeet in dag- $^{\circ}\text{C}$) om 'n lewensiklus te voltooi. Beide die ontwikkelingsdrempelwaarde en die termiese konstante word met behulp van laboratoriumstudies by konstante temperatuur bepaal.

Om die tydsduur van 'n insek se ontwikkeling in die veld te bepaal, word daaglikse hitte-eenhede bepaal deur die ontwikkelingsdrempelwaarde van die daaglikse gemiddelde temperatuur af te trek. Hierdie hitte-eenhede word oor dae geakkumuleer totdat die termiese konstante bereik is. Dit dui dan die hoeveelheid dae aan wat die insek geneem het om 'n lewensiklus te voltooi. Die meeste laboratoriumstudies



Figuur 1. Valskommandowurm se motgetalle in die Luckhoff-gebied. Die rooi pyltjie dui die berekende tydperk van die eerste lewensiklus aan; die blou pyltjie dui die geskatte tydperk vir die volgende lewensiklus aan terwyl die einde van die larwale tydperk ook aangedui word.



'n Voorbeeld van die emmertjiemotlokal wat gebruik word om motgetalle te monitor.

bepaal ook hierdie genoemde waardes vir die insek se verskillende ontwikkelingsstadiums, wat ook nuttig in die veld van toepassing kan wees.

Aangesien die valskommandowurm kosmopolitaans is, is besluit om die drempelwaardes en termiese konstante wat in Japan bepaal is, met motvlugdata te toets (Tabel 1). Die data het baie goed op die gemiddelde motvlugdata

Tabel 1. Die ontwikkelings-drempelwaarde en termiese konstante vir valskommandowurm soos in Japan bepaal (Hirai, 1975).

Stadium	Ontwikkelings-drempelwaarde (°C)	Termiese konstante (dag·°C)
Eier	10,5	78,4
Larwe	9,2	367,4
Pre-papie	10,6	31,0
Papie	11,4	162,7
Eier-volwassense	10,3	628,2

van die vorige studie gepas en daar is besluit om nou verder te ondersoek hoe akkuraat motvlugte onder veldtoestande voorspel kan word.

Huidige motvangste

Luckhoff se data word as voorbeeld gebruik vir wat nou gebeur (Figuur 1). Daar was 'n klein motpiektyd in Week 3 gevolg deur 'n groter piektyd in Week 8. Die langtermyn gemiddelde temperatuur is gebruik om die lewensikluslengte van Week 3 af met behulp van die temperatuurmodel te bereken. Die berekening het gewys dat eiers wat in Week 3 gelê is, presies ses weke en drie dae later motte sou wees. Dit beteken dat die motte drie dae binne Week 8 sou vlieg, wat ooreenstem met die vlugpiektyd wat voorgekom het. Gevolglik is die ooreenkoms volgens die gemiddelde temperatuur sover redelik akkuraat.

Om 'n vooruitskatting te kan maak het navorsers die berekening van Week 8 af gedoen. Die berekening het daarop

gedui dat 'n volgende vlugpiektyd vir Week 15 (tussen 7 en 13 April) voorspel kon word. Die gemiddelde grafiek het egter reeds by Week 10 'n klein syging getoon. Wanneer die data ontvang word sal navorsers kan vergelyk hoe die werklikheid van die voorspelling afwyk. Die huidige temperatuur moet egter ook nog gebruik word om verder te toets en te kontroleer of die verloop nie nog meer spesifiek gevolg kan word nie.

Sodra die model oor 'n tydperk van drie jaar getoets is, sal die navorsers met redelike sekerheid produsente kan waarsku oor wat in hulle omgewing aan die gebeur is. Produsente kan dan bedag wees op 'n moontlike uitbraak en betyds optree.

Hierdie is die begin van die model se toetsing en tot dusver lyk sake belowend. Navrae kan gerig word aan dr Goddy Prinsloo by 058 307 3435 of prinsloogj@arc.agric.za.

Die navorsing is moontlik gemaak deur finansiering van AB InBev en die LNR. ♡

Continual improvement in wheat cultivars and their performance since 1958.

www.sensako.co.za

Sensako has been at the forefront of breeding in South Africa for 60 years, and our wheat cultivars are tested and trusted by wheat producers to be the best.

Bechuanaland +27 (0) 56 965 4000, Mafikeng +27 (0) 20 423 2513, Leribe +27 (0) 22 772 1611

stand strong with MODDUS®

15353 IDEA ENGINEE@S

- **Reduces lodging:** Promotes shorter and thicker stems, significantly reducing the risk of lodging during adverse weather
- **More roots ensure stronger plants:** The active ingredient in MODDUS® stimulates denser root growth for optimal nutrient and water uptake
- **Optimises plant physiology:** Promotes more tillers and shoots helping to achieve maximum yield potential

MODDUS®. A smart growth regulator to make your barley stand strong.




READ THE LABEL FOR FULL DETAILS.

MODDUS® contains trinexapac-ethyl 250g/L (Reg. no. L8565, Act No. 36 of 1947). CAUTION

MODDUS® is a registered trademark of a Syngenta Group Company.

Syngenta South Africa (Pty) Ltd, Private bag X60, Halfway House, 1685, Tel: (011) 541 4000, www.syngenta.co.za

©Syngenta Ag, 2000. Copyright of this document is reserved. All unauthorised reproduction is forbidden.



®

Growth regulator reduce lodging nightmares in barley

IN 2018 MANY HECTARES of cereals had been affected by strong south easterly wind conditions which occurred the evening of 29 October 2018 just before harvest, as wind damage caused many crops to fall over in the Western Cape, significantly reducing expected yields in many areas.

Syngenta recently received a label extension of Moddus® in barley, a plant growth regulator to help reduce the effects of lodging under adverse weather conditions. The product is mainly applied to prevent lodging by reducing the height of the plants. This is achieved mainly through the shortening of the internodes of the plant (**Figure 1**).

However, in dryer conditions, trials have shown that treated plants had additional physiological benefits. Due to the mode of action, treated plants have a much more developed and increased root mass (**Figure 2**), allowing plants to use water and nutrients much more sufficiently.

This was backed by previous studies that indicated how treated plants used 480 ml of water to produce 155 g of grain, compared to the industry standard which needed 540 ml of water to only produce 126 g of grain. Moddus produced more grain and consumed less water because the water usage is more efficient. An increased root mass further prevents lodging by anchoring the base of the treated plants.

Treatment have also shown to increase yield of barley crops. Other than reducing lodging that allow more plants to be




Figure 1. Experiment showing untreated (left) vs treated barley (right) haulms with Moddus®. The internodes are visibly shorter in the treated plants as indicated by the internode position in barley (Photo: Larissa van den Vyfer).



Figure 2. Untreated plants on the left compared to plants treated with Moddus® on the right (Photo: Larissa van den Vyfer).

harvested, the physiological effect of Moddus on barley increases the tiller amounts, subsequently growing the total yield. Therefore treatment of barley allows for higher yield in both dry and irrigation conditions, as treated plants uses water and nutrient more efficiently during dry periods.

Application timing of Moddus is very important. It acts on the Gibberellin acid biosynthesis pathway, a process that is mainly active in cereals from tillering (GS20-GS9) up to Booting (GS40-49). For best results the product should be applied to actively growing plants at the beginning of stem elongation when the 2nd node is detectable on the main tiller or when the flag leaf is just visible. Moddus can be tanked mixed with most Syngenta products.

Moddus is more than a plant growth regulator as it promotes yield through modified crop physiology, even if no adverse weather occurs, it improves water and nutrient use efficacy and is proactive against weather induced lodging.

Read the label for full details

Moddus® contains trinexapac-ethyl 250 g/L (Reg. no. L8565, Act 36 of 1947).

Moddus® is a registered trademark of the Syngenta Group Company. Syngenta South Africa (Pty) Ltd., Private Bag X60, Halfway House 1685. Tel 011 541 4000. www.syngenta.com.

Syngenta Ag, 2000. Copyright of this document is reserved. All unauthorized reproduction is forbidden. ♻️

Koringboere betaal die prys vir handelsooreenkomste

DIE GESKIL TUSSEN Brittanje en die Europese Unie (EU) oor eersgenoemde se uittrede het wye gevolge vir Suid-Afrikaanse handelsooreenkomste. Een van die lydende partye in landbou is die koringprodusente wie se bedryf deur 'n invoertarif beskerm word.

Tydens Graan SA se kongres het Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA, by die wintergraanprodusente se afsonderlike byeenkoms verduidelik hoe die tariefvrye ooreenkoms met die EU nou verdere komplikasies vir Suid-Afrikaanse landbou het.

Twee sake is ter sprake: die toekenning van die kwota van 300 000 ton koring wat tariefvry ingevoer kan word, en Brittanje se versoek dat die kwota ook na hulle uitgebrei moet word wanneer hulle die EU verlaat.

Die tariefvrye koring is deel van 'n uitgebreide handelsooreenkoms tussen Suid-Afrika en die EU waarvan die somtotaal tot Suid-Afrika se voordeel is maar koringprodusente ter wille van ander bedrywe 'n opoffering moet maak.

Graan SA spook reeds die afgelope drie jaar met die regering om die stelsel waarvolgens die 300 000 ton tariefvrye koring in die plaaslike mark kom, te wysig. Die huidige stelsel skep die skuiwergat dat die koper van die eerste vraag

of vragte wat op 1 Februarie aanland miljoene rand kan maak. Dié finansiële voordeel kom nie by rolspelers in die koringwaardeketting soos die meulenaars uit nie, en ook nie by die verbruiker nie. Vanjaar se kwota-begunstigde is 'n multinasionale maatskappy wie se inkomste waarskynlik nie in Suid-Afrika bestee gaan word nie.

Een gevolg van die kwotadatum van 1 Februarie is dat verskeie skeepsvragte koring na Suid-Afrika gestuur word, met die hoop om die bevoordeelde van die kwota te wees.

De Villiers sê die koringwaardetting se rolspelers beywer hulle met die ondersteuning van die departement van landbou daarvoor dat die kwota proposisioneel aan Suid-Afrikaanse meulenaars toegeken moet word, moontlik volgens markaandeel. Hulle stel ook 'n voorwaarde aan die EU dat Suid-Afrika agt weke voor 1 Februarie se kwotadatum moet weet hoeveel vragte koring ter see op pad is.

Ongelukkig word weerstand teen hierdie twee voorstelle uit die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac) gekry.

'n Deel van die koringbedryf se betoog teen die huidige tariefvrye kwotastelsel



Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA.

was die leweringdatum van 1 Februarie en die hawe waar die vrag ingeskeep word.

De Villiers sê hulle voorwaarde was dat die koring nie tydens oestyd gelewer moes word nie omdat dit groter druk op die prys sou plaas. Die bedryf wil die vrag slegs by Durban of Richardsbaai ontskeep hê omdat die Wes-Kaap reeds 'n surplus koring het. Indien die koring selfs by suidelike hawens soos Oos-Londen ontskeep word sou dit maklik na die Kaap vervoer kon word.

De Villiers sê die situasie sal hopelik in 2020 gunstiger wees. ♣

Versekering wat koning kraai op die plaaswerf.

santam
landbou

100
JAAR VAN REGTE,
EGTE VERSEKERING

Nampo versadig die oog en maag en gee oplossings

DIE GEWOONTE OM OP pad Nampo toe langs die pad te braai en met 'n worsie en bier vir jaloerse motoriste te waai, word al minder gesien. Die rede is seker omdat gereelde Nampo-gangers onthou van die heerlike verversings wat op "die plaas" wag.

Vanjaar, van Dinsdag 14 Mei tot Vrydag 17 Mei, wag sowat 26 verversingspunte op die besoekers en enigiets van draairoomys, geurige sosaties, borde gelaai met biefstuk en 'n verskeidenheid drinkgoed is beskikbaar. Graan SA bedryf nie self die verversingspunte nie maar bied dit vir gemeenskapsorganisasies aan om fondse in te samel.

Mense wat kos en ander verversings voorberei is nie die enigste wat in die maande vooraf hard gewerk het vir die veragte 83 000 mense nie. Nampo-park se terrein word elke jaar geriefliker en die komitee sorg dat bottelnekke so ver as moontlik uitgestryk word. Daar is byvoorbeeld vanjaar nog 'n ingangshek vir die noordelike parkeerterrein voorsien, twee bykomende boorgate gesink en nog meer bystand-kragopwekkers geïnstalleer.

Sedert die eerste oesdag in 1967 naby Bloemfontein, is meer as vyftig van hierdie uitsonderlike landboutoonstellings suksesvol aangebied. Politiek, droogte en sport kon nie die groei en ontwikkeling daarvan stuit nie. Droogte en oorlewingtoestande noop landbouers juis om maniere te vind om beter en goedkoper te produseer, hetsy dit met vee, graan of in ander bedrywe is.

Nuwe besoekers hoef nie deur die groot getal mense afgeskrik te word nie: die organiserende span onder leiding van Toit Wessels is saam met talle vrywilligers gekonfyt daarin om 'n gerieflike en veilige terrein op te stel.

Gedurende die vier skoudae is daar genoeg geleentheid om by sowat 775 uitstallers alle afdelings in landbou te besigtig –



Agrico se uitstalling naby die noordelike ingang is 'n jarelange baken vir Nampo-besoekers. 'n Verskeidenheid werktuie en besproeiingstoerusting vorm deel van Agrico se treffende groen toerusting wat reeds langer as 100 jaar diens aan landbouers lewer.



Die McCormick X8.680 het uitgetroon by Argo Industrial se 2018-uitstalling op Nampo. Standaard kenmerke van dié rooi reus met 224 kW enjinkrag sluit 'n driepunt-hyser en kragaftakker vooraan, kaguitvering en vering op die vooras in.

van lewendende hawe tot rekenaars en ander tegnologie.

Benewens 'n program vir vroue word die gewilde patente-kompetisie Landbou Boereplanne weer aangebied. By hierdie projek word boere se uitvindings, ontwerpe of aanpassings vertoon waarmee plaasprobleme met vindingrykheid prakties opgelos word.

Besoekers word aangeraai om weervoorspellings kort voor die Oesdag se vier dae dop te hou. 'n Geniepsige koue of laaste reënbutjie verras soms in die Noord-Vrystaat. Gewoonlik geniet die besoekers kalm weerstoestande met 'n effense byt in die oggend.

Hoewel veilige waentjies met sitplek kruis en dwars deur die terrein ry, moet besoekers gereed wees om baie te stap en daarvoor is gemaklike kleredrag en stapskoene nodig. Gelukkig is Nampo-park se terrein, paaie en sypaadjies gelyk, heel en skoon.

Die Park se daaglikse instandhouding en netheid is onbespreeklik en 'n mens kan met veiligheid op enige plek sit en 'n lafenis geniet. As die bye dalk lastig raak agter 'n soetigheidjie aan en 'n bolip bykom, of iemand skraap 'n arm of been teen 'n implement, is noodhulpdienste byderhand. 'n Klein rugsakkie is baie gerieflik vir 'n waterbottel of vroegoggend se baadjie wat maklik gebêre kan word. Oorweeg gerus 'n kopbedekking vir die son.

Die Oesdag het meer as genoeg verspreide verversingstalletjies met alle soorte lafenis (meer as twintig vir wegneemetes) en die Fanie Ferreira-saal waar 1 200 mense kan sit en eet.

Met soveel besoekers is dit raadsaam om vroeg na Bothaville in die pad te val sodat daar genoeg tyd is om die meeste uitstallings, vee en demonstrasies te besigtig. Parkeerplek is volop en gratis, maar sommige toegangsroetes van Bothaville of Orkney af is vroegoggend besiger en vra geduld. 🐾

Die algemene sake vir Nampo-besoekers

Datums:

Dinsdag 14 Mei tot Vrydag 17 Mei 2019.

Nampo-park liggingskoördinate:

S27° 13' 936" E026° 39' 958"

Webtuiste:

www.grainsa.co.za

Hektye:

07:00 tot 17:00

Gratis parkering

Toegang:

By hekke:

Volwassenes, pensioenarisse, kinders ouer as 7

Dinsdag en Vrydag - R110

Woensdag en Donderdag - R120

Voorskoolse kinders - gratis

Toegang met internetkaartjies:

Goedkoper toegang met internetbetalings by TicketPro (www.ticketpro.co.za) vanaf Maart:

Dinsdag en Vrydag - R90

Woensdag en Donderdag - R100

Geen troeteldiere, fietse of motorfietse word op die terrein toegelaat nie. Waentjies wat passasiers gratis en veilig vervoer ry deurentyd kruis en dwars deur die terrein.

Verkeersake en radio-uitsendings:

Skakel spitsstye in op OFM 94-97 FM

Graan SA radio, aangebied deur OFM op die lug op 99.2 FM en as 'n stroom op die OFM Radio-toepassing van 07:00 tot 17:00 Dinsdag tot Donderdag en Vrydag 07:00 tot 15:00. ↓



Install 120m of 4m high wall in under 8 hours!

YFEL - A free standing flexible option for dry bulk material separation, such as grain, fertiliser & minerals (pictured below).

The YFEL is currently being used by Consol Glass, Grindrod, Afgri and GWK among others.



ReMaCon Products
Contacts: Christopher Cosgrove
Cell: 082 880 0184
Tel: 011 393 5504
Email: Christopher@remacon.co.za
Website: www.yfel.co.za

Lategan's Sementwerke (Edms) Bpk
Tel: 021 873 1154
Email: sales@lategans.co.za
Website: www.lategans.co.za

The YFEL is movable and fast to erect with a carrier attachment for forklift. YFEL's can be easily moved around to create or change bunker shape and lengths, or loaded onto trucks and relocated to other premises.

Daagliks op die program

Nampo 2019: Klem op landbou, nie vermaak nie

Graan SA poog om die Nampo Oesdag steeds doelgerig te hou as 'n landbou- en handelstentoonstelling, met die fokus op landbou.

BESOEKERS WAT NET EEN of twee dae by die Oesdag 'n draai kan maak, hoef nie bekommerd te wees dat hulle interessantheide soos die grootvee, suiwelparade en 4x4-demonstrasie gaan misloop nie. Dit word daagliks herhaal. Sommige van die herhaalde gebeure is die volgende:

Die 4x4-demonstrasie is elke dag om 10:00 en 14:00 en bykans twintig voertuigvervaardigers se modelle is op 'n veeleisende baan in aksie.

Op die Maxxis avontuurbaan word kwadfietsse en tweesitplekvoertuie daagliks om 11:00 en 15:00 gedemonstreer.

OVK se wolbaaldra-kompetisie word Dinsdag, Woensdag en Donderdag om 12:00 in die vee-arena agter Yara se beeskompleks gehou.

Statiese uitstallings van grootvee is in die bees- en suiwelkompleks van Yara Animal Nutrition. Vrydag vind die grootvee se interrasbeoordeling in die vee-arena plaas.

In die skaapprogram is demonstrasies van skaapskeer, hantering en wolklassifisering daagliks om 11:00 en 14:00 in BKB se skaapkompleks.

Agter die BKB skaapkompleks wag die stalle vol volbloedperde. Hulle neem daagliks om 16:00 agter Yara se beeskompleks aan 'n parade deel waar dié pragdiere in die buitelig gesien kan word.

Die gewilde Jeugskou vind daagliks van 10:00 tot 12:00 in die vee-arena agter Yara se beeskompleks plaas. Vrydag duur dit van 13:00 tot 15:00. ♡

Kook-en-bak-genot, gedagtes en musiek op vroue se program

VROUE HET DAAGLIKS 'N oggendprogram met bekendes wat vermaak, inspireer, bak of gesels. Vroue word natuurlik glad nie uitgesluit van al die ander aanbiedings en uitstallings by Nampo nie.

Netwerk24 se vroueprogram in die tent langs die Shell-stalletjie begin daagliks 09:00 en duur tot in etenstyd. Bekende aanbieders wissel hul spyskaart elke dag af. Dié aanbieders is onder andere Retha de Villiers (Inspirasie) en Mareli Visser (bakdemonstrasies).

Elke dag se program eindig met 'n boekgesprek waar skrywers soos Arina du Plessis (Plaaskos), Susan Coetzer, Rudie van Rensburg en Erns Grundling die woord voer.

Jak de Priester tree elke dag by die vroue op. ♡



Sambrele en bankies voor die Nampo-saal is binne stapafstand van kosstalletjies en bied 'n gerieflike rusplek. Tydens Nampo is daar bykans dertig verversingspunte met 'n verskeidenheid kos, lekkernye, koeldrank en roomys.



Passasierswaentjies maak dit baie gerieflik om die hele terrein gratis sit-sit-so te verken en te besluit watter uitstallings besoek gaan word. Hulle ry vasgestelde roetes wat op die terreinkaart met 'n kleur aangedui is. Dieselfde kleur is op die waentjies en by die verskillende stilhouplekke op die roete.



Net so indrukwekkend as die Claas Lexion-stroppers se voorkoms is die veelsydigheid en doeltreffendheid waarmee graan ekonomies van die land afgehaal word. Tydens Nampo 2018 het hierdie drie-ling baie aandag getrek.



Franklin Electric

WÊRELD-KLAS POMP SISTEEM- OPLOSSINGS

Franklin Electric is die toonaangewende wêreldleier van wêreld-gehalte pomp sisteem-oplossings met uitstekende kwaliteit, beskikbaarheid, diens, innovering en koste effektiwiteit. Gerugsteun deur ongeëwenaarde kundigheid deur die hele Afrika, bied hierdie bekende handelsmerke die antwoord vir 'n groot verskeidenheid pomp aplikasies.

T: +27 11 723-6500 | www.franklin-electric.co.za



AquaDUTY



FPS



FH2TON



MONO



RBIT
PUMPS



ROTORFLO



SubDriveSolar
SOLAR PUMPING SYSTEM



SubTronic
DATA120



SVM



TSUNAMI



KWALITEIT • BESKIKBAARHEID • DIENS • INNOVASIE • KOSTE



Celebrating 75 Years of Franklin Electric

SOUTH AFRICA REMAINS A strategic hub and gateway for Franklin Electric's Africa operation. The company celebrates its 75th anniversary this year with a growing presence across 18 countries and approximately 5 600 employees worldwide.

Founded in 1944 by E.J. (Ed) Schaefer and T.W. (Wayne) Kehoe, Franklin Electric, which is an Indiana corporation named after America's pioneer electrical engineer, Benjamin Franklin, manufactured the first water-lubricated submersible motor for water systems, and the first submersible motor for fueling systems.

With regard to this momentous anniversary, Chairman and CEO, Gregg Sengstack, explained that the company is even more focused on its vision of being an indispensable partner to its customers.

Franklin Electric continues to move forward by delivering on its key factors of success – quality, availability, service, innovation and cost – across its three business segments of water systems, fueling systems and its distribution segments. It remains a technical leader in terms of its products and services in residential, commercial, agricultural, industrial, municipal and fueling applications.

The local product range includes FPS centrifugal, surface and submersible pumps; Franklin Electric motors and controls; AquaDuty solar powered pumps; Mono progressing cavity pumps; Orbit helical rotor pumps; Rotorflo rotary lobe pumps; SubDrive Solar, SVM submersible pumps; and Tsunami axial flow pumps.

"South Africa remains a strategic hub and gateway for the Africa operation," says Managing Director Attie Jonker. He explains that key to the success of being a leading pumping solutions provider on the continent is the company's product range being supported by a qualified and experienced team of design engineers and product and technical sales force. ♡



Franklin Electric delivers quality, availability, service, innovation and cost across its three business segments of water systems, fueling systems and distribution.



GSI se strukture vir graanopberging en -kondisionering gee die produsente meer geleentheid vir onder meer besluitneming oor be-
marking of om die oesproses te versnel en graan vir eie gebruik veilig op te berg.



Die Engen-saal met veteraantrakkers, -voertuie en implemente is volgepak met heimweë en bewondering ... *onthou jy nog ... my oupa het ...* Die Noordwes Veteraantrækker- en enjinklub is een van die uitstallers.

Integrated gas and welding solutions for agriculture

AFROX WILL BE SHOWCASING its integrated range of services and solutions for the agricultural sector at Nampo 2019, including the very latest cutting, heating and welding equipment and consumables, as well as tailor-made gas solutions and technical support services for the farming community.

